e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

11 Maart 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 6

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Seksualiteit en die huwelik weer in die nuus

Van Adam en Eva se tyd af worstel die mens maar met sy seksualiteit. Die afgelope tyd het dit weer op twee maniere na vore gekom. Die een is die hele debat rondom pornografie op TV, en die ander rondom die kerk se rol in die bevestiging van huwelike.

Dit is 'n valse argument dat die mens 'n vrye keuse het oor wat hy wil doen of nie wil doen nie. Die mens sal op grond van sy eie natuur altyd kies om sy eie begeertes en drange te bevredig. En dit is nie noodwendig altyd die regte keuse nie. Dat die mens riglyne nodig het vir die lewe, is 'n bekende Bybelse beginsel. Die blote feit dat God die mens verbied om van 'n sekere boom se vrugte te eet, is 'n aanduiding daarvan. Die kerk mag en moet dus vandag ook waarsku teen praktyke wat vir die mens skadelik is. Daarom wil die Hervormde Kerk ook sy stem voeg by die protes teen enige vorm van pornografie.

Jesus het die volgende uitspraak gemaak: ***Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees*** (Matt 6: 22-23). Hieruit kan 'n mens onder andere aflei dat dit waarna jy kyk jou lewe en veral jou denke beïnvloed.

Die verslawende effek van pornografie en die verwronge beeld van seksualiteit wat daardeur uitgebeeld word, is ook algemeen bekend. Die uiteindelike vernietigende gevolge van pornografiese aktiwiteite het onlangs weer duidelik in 'n prominente hofsaak na vore gekom. Die Bybel waarsku ons op verskeie plekke teen wellus en losbandigheid. Laat ons God se waarskuwing aan Kain ter harte neem: ...***die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers*** (Gen 4: 7). Dit alles bevestig maar net weer die Kerk se bekende standpunt dat seksualiteit iets is wat tuishoort in die lewenslange geborge ruimte van die huwelik tussen een man en een vrou.

Wat laasgenoemde saak betref, is daar die afgelope tyd meermale in die media die bewering gemaak dat die Kerk nou saamwoon van mense voor die huwelik wil goedkeur. Die Kerk het dit nog nooit gesê nie. Daar is wel ondersoeke aan die gang na die moontlikheid van 'n kerklike huwelik sonder die noodwendige wetlike verbintenis. Maar dit is by herhaling al gestel dat die Kerk se bedoeling met so 'n kerklike huwelik steeds sou wees dat dit 'n lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is. En dit is beslis nie wat onder saamwoon verstaan word nie.

Dr Gerhard Lindeque, Redakteur

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Joseph Steÿn Ds Mariaan Delport

Beroep ontvang

- **Ds Joseph Steÿn** van die Stella-kombinasie na die Kuruman-kombinasie

Beroep aanvaar

- **Ds Mariaan Delport** van Krugersdorp (deeltyds) na Sionspoort (deeltyds)

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Mariaan Delport** word op Sondag 14 Maart in haar nuwe gemeente, **Sionspoort**, ontvang en deur ds Johan van Staden van die gemeente in haar amp bevestig. Oudl Renier Labuschagne, sekunduslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), sal gelukwense oordra. Die erediens begin om 11:00.

- Voorbidding word gevra vir die volgende **predikante en lidmate wat siek is**:

  - Ds Johan Wagenaar, wat reeds geruime tyd siek is, operasies gehad het en tans waterpokkies het
  - Ds Renier Lee na ’n knievervangingsoperasie
  - Ds Johan Mouton
  - Ds Johann de Bruin
  - Ds Sonia van Wyk
  - Ds Jan Schroeder na ’n heupvervanging
  - Prof Ben Engelbrecht
  - Mev Christa Steyn, vrou van ds Wimpie Steyn
  - Dr Wilhelm Coetzer, wat reeds weer werk
  - Mnr Manie Dreyer, wat ook reeds weer werk
  - Oudl Johan Pont, wat ’n operasie ondergaan
  - Oudl Jan Oberholzer
  - Ds Faan Visser

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens:

  - Vrydag 12 Maart: Ds Jaco Dreyer
  - Saterdag 13 Maart: Ds Rudi Rust
  - Dinsdag 16 Maart: Di Gerrie Botha en Arie Kuyper
  - Woensdag 17 Maart: Dr Daan van Wyk (sr)
  - Donderdag 18 Maart: Di Pieter de K Furstenberg, Robby Pienaar en Piet (PS) van Staden (emeritus)

Linda Futcher

- Verskeie predikante en lidmate van die Kerk neem op **Sondag 14 Maart** deel aan die **Argus-fietswedren**. Hulle word sterkte toegewens. Dr Wouter van Wyk van SENTIK en sy vrou Susan, mev Linda Futcher van Debiteure by die Sinodale Kerkkantoor, en prof Piet Venter van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria neem onder andere deel.

- **Prof Ernest van Eck** se **besonderhede** wat in die *Almanak* van 2010 verskyn (bladsy 163), het verander. Sy adres is nou Woonstel 1, Huis Kiaat,

Groenkloofkampus, Universiteit van Pretoria, Groenkloof 0182; posadres TPS 15, Posbus 12320, Hatfield 0028; kontaknommers 012 420 3804 (k), 012 420 5599 (h), 012 344 2233 (h) en 082 413 2332 (s).

- **Gemeentes Durban-Suid en Saffierkus** het albei besluit om **deeltydse standplase** te skep. Die aansoek van albei gemeentes dien hierdie week voor die Kommissie van die AKV. Indien goedkeuring deur die Ringskommissie en die Kommissie van die AKV gegee word, sal die gemeentes voort kan gaan met hul beroepswerksaamhede.

- Gemeentes kan **nominasies** voorlê vir die toekenning van 'n **erepenning vir besondere dienslewering** in die Kerk. Die nominasies moet die sekretaris van die Kommissie van die AKV **voor 31 Mei 2010** bereik. Die reglement vir toekenning is beskikbaar op die Kerk se webblad.

- **Nominasies** vir die toekenning van die **HCM Fourie-erepenning** sluit ook op **31 Mei 2010**.

- Die **oproepbriewe** na die **69ste AKV** word volgende week aan gemeentes gestuur.

- Ampsdraers en lidmate word uitgenooi na die **Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) se **Aktualiteitsdag** wat op versoek van die Kommissie van die AKV gereël word. Dit vind plaas op **Dinsdag 27 April** by **Gemeente Montana**. Aktuele sake wat tans in die Kerk onder bespreking is, sal gedebatteer word. 'n Volledige program is op die webwerf beskikbaar. Inskrywingsgeld is R100 per persoon, en sluit verversings en 'n ete in. Registreer asseblief **voor 9 April** by mev Betsie Brits, by 012 420 5393 of **betsie.brits@up.ac.za**. Die bankbesonderhede vir die inbetaling van die registrasiegeld is soos volg: Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA, rekening nr 020 149 752, takkode 63 20 05, verwysing 2013K, gevolg deur u voorletters en van.

- Is jy na 1980 gebore, of jonk van gees? Die **jongmense** van **Gemeente Noordelike Pretoria** bied op **Sondag 14 Maart** om 18:00 die **jeugbediening Magtige Dreuning** aan by 12de Laan 512, Gezina. Neem duvets en kussings saam sodat julle gemaklik na die DVD kan kyk. Julle gaan vooraf lofliedere saamsing, en daar sal versnaperinge wees. Besoek **magtigedreuning@gmail.com** vir meer inligting.

- **Versoek: Bydraes vir Bybels.** Die **Afrika Instituut vir Missiologie** (AIM) bied van **16 tot 18 April** 'n **gemeenskapsprojek** aan in die voormalige Wespark-kerkgebou. Die projek vorm deel van die formele leerplan, en beoog om straatkinders en ander verwaarloosde kinders in daardie omgewing te bereik deur 'n naweek te konsentreer op die 4de, 5de en 6de bedes van die Onse Vader. AIM beplan om minstens **100 Bybels** oor die naweek te versprei. Lidmate, weldoeners, gemeentes en ringe word versoek om 'n finansiële bydrae te lewer tot die aankoop van die Bybels. Kontak mev Clarika Hattingh (**evangelisasie@nhk.co.za** / 012 322 8885) of mev Sarie Roux (**kassier@nhk.co.za** / 012 322 8885) ten opsigte van die oorbetaling van die geld. AIM se adresbesonderhede is soos volg: Afrika Instituut vir Missiologie, Posbus 2368, Pretoria 0001. Die bankbesonderhede is die volgende: Afrika Instituut vir Missiologie; tjekrekening nommer 40-6187-8535; bankkode 323-145; BIC-kode 335-545; SWIFT-adres ABSA 2AJJ CPT; IBAN-nommer 406-1878-535.

- **Gemeente Pretoria-Tuine** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar, en die kandidaat moet tydens oggend- en aanddienste optree (aanddienste vind plaas gedurende skooltye tot einde September, uitgesluit Junie en Julie). Daar is ook 'n sanggroep. Vergoeding is volgens skaal. Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of **andre.botma@telkomsa.net**, of Clarence Marks by 012 379 6898 of **nhktuine@gmail.com**.

- Van Sondag 7 Maart af is die **eredienstye** van **Gemeente Mosselbaai** soos volg: 08:00 op Stilbaai en 10:00 op Mosselbaai.

- Gebruikers van die ***Almanak*** moet enige **wysigings** aan inligting asseblief deurgee aan mev Karen Breedt, 012 322 8885 x257 of **karen@nhk.co.za**, sodat dit betyds op die stelsel aangebring kan word. Die groot proses om volgende jaar se *Almanak* saam te stel, het reeds begin. Verdere wysigings aan die 2010-uitgawe sal nou net in uitsonderlike gevalle in die *e-Hervormer* aangekondig word.

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Gemeente Bothaville se NHSV** bied op **Saterdagoggend 13 Maart** 'n **Damestee** aan met Ronéll Erasmus. Kontak Doutie by 056 515 2673 gedurende kantoorure.

- 'n Opwindende **oggendtee en konsert** ten bate van **Louis Trichardt Monumenttehuis** en aangebied deur die huisbestuur vind plaas op **Saterdag 13 Maart** by **Gemeente Rietvallei**. Die koste is R60 per persoon. Die kunstenaars wat optree, is Rianda Fourie en Henry van Dyk. Verskeie uitstallers neem deel, en daar sal 'n prystrekking wees. Kontak Ismé Dalton by 082 962 2870 vir meer besonderhede.

- Die naweek van **23 tot 25 April** bied Lindie Gouws van *My World* 'n *Kom in*-konferensie aan vir vroue in samewerking met **Gemeente Gaborone**. Julius Magan sal die lof en aanbidding lei. Kaartjies is P300 of R330. Dit sluit tee/koffie/beskuit en 'n ligte middagete vir Saterdag in, asook ander verrassings. Vrydag 18:00 tot 21:30, Saterdag 09:00 tot 16:00, en Sondag erediens. Vir navrae en besprekings, kontak Sanette Mostert by 00267 714 53499.

Kampe en toere

- **Via Dolorosa – Paasnaweek 2010 (1 tot 5 April 2010).** Kom deel as gesin in die herdenking van die simboliese kruisiging en opstanding van Jesus Christus. **Selfsorg-kampering** op die plaas Silwerstroom in **Mpumalanga** (geleë tussen Machadodorp, Lydenburg en Belfast) teen R250 per persoon. Kinders tussen 2 en 6 jaar betaal R125. Dagbesoekers kan ook aan die verrigtinge deelneem en betaal R40 per persoon. Eredienste gedurende die naweek word gelei deur ds Jaco Vogel. Vir navrae/besprekings, skakel Christo by 082 554 9653, Annelie by 082 415 2602, of Bernadette by 082 923 7531.

- Daar is **nog 10 plekke** beskikbaar vir die toer na die **2010 Passiespel**. Beleef Rome, Oberammergau en die Passiespel, die Swartwoud, Switserland en Parys vir R32 500. Of beleef die Passiespel (sonder Rome) na Parys vir R30 000. Alle lug- en landreëlings, oornag en 2 etes per dag, lughawebelasting en toegangsgelde ingesluit. Skakel ds André Ungerer by 018 468 5129 of 082 940 8201 dadelik om plek te bevestig.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Losberg** in Fochville bied 'n **Jagpakket** aan. Die fondse gaan aangewend word vir **diakonale dienswerk** soos ouetehuise, kinderhuise, buitengewone onderwys, barmhartigheid, ensovoorts. Daar is 5 pryse wat gewen kan word vir slegs **R50**. 'n Blouwildebees, 'n blesbok, 'n lam, 'n vark en 4 kg biltong. Inskrywings kan gedoen word deur die gemeentelike kerkkantoor te skakel by 018 771 2617, u kaartjie te bespreek, die vraag te beantwoord, en dan u geld deur die internet te betaal en die bewys na dieselfde nommer te faks. Die **vraag** is: *Waarvoor word die fondse aangewend?* Trekking vind plaas op **2 Julie 2010** tydens die Biltongaand. Rekeningnaam Ned Herv Kerk van Afrika

Gemeente Losberg Rekening 2; rekeningnommer 4075270375; bank ABSA; verwysing Jagnr... (kaartjienommer).

- **Gemeente Losberg** is ook besig om **fondse** in te samel vir die basaar op 28 Mei. 'n Replika van 'n **1931 Chevrolet Roaster**, handgemaak van rooshout op 'n skaal van 1:14, is aan die gemeente geskenk. U koop 'n kaartjie teen R10 en maak dan 'n aanbod (wat u vir die replika sal betaal). U kan die kaartjie bespreek by die gemeentelike kerkkantoor (018 771 2617) en u aanbod maak, die geld deur die internet betaal en die bewys faks na dieselfde nommer. Die sluitingsdatum is **28 Mei 2010**. Rekeningnaam: Ned Herv Kerk van Afrika Gemeente Losberg Rekening 2; rekeningnommer 4075270375; bank ABSA; verwysing Chevnr... (kaartjienommer).



- **Gemeente Randburg** laat weet dat hul kompetisie vir 'n bootreis verlede jaar gewen is deur iemand wat op die advertensie in die *e-Hervormer* gereageer het! As deel van die gemeente se jaarlikse basaar (5 Junie 2010), waarvan die totale wins vir **barmhartigheid** aangewend word, loods hulle nou die volgende kompetisie: **Wen 'n vakansie vir twee na Egipte.** Die prys sluit in: retoer ekonomiese vliegtuigkaartjies van Johannesburg-Kaïro-Aswan-Luxor-Kaïro-Johannesburg; lughawebelasting; vervoer tussen lughawe, hotel en hawe; 3 nagte op Nylboot (alle etes ingesluit); 2 nagte in Kaïro (bed en ontbyt). Kaartjies is beskikbaar teen 'n donasie van R100 by **admin@nhk-randburg.co.za**, **elna@nhk-randburg.co.za** of 011 787 4983.

- Aspirantsangers tussen die ouderdomme van 13 en 23 jaar kan deelneem aan 'n **Afrikaanse sangkompetisie** by **Gemeente Ottosdal** op **Saterdag 31 Julie** vanaf 14:00. Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is **Vrydag 16 Julie**. Die eerste, tweede en derde pryse is onderskeidelik R3 000, R1 500 en R500. Navrae kan gerig word aan Adri Botha by 082 403 5051.

Basaars en markte

- **Gemeente Horison Roodepoort** hou **kermis** op **Saterdag 13 Maart** van 08:30 af. Die saamkuier op hul kerkterrein in Georginiastraat, Horison begin egter reeds Vrydagaand 12 Maart met 'n skaap op die spit. Die koste daaraan verbonde is R40 per persoon. Saterdag begin hulle die dag met ontbyt. Alles wat jy op 'n kermis kan kry, sal daar wees – asook 'n Amerikaanse veiling. Kontak ds David Barnard by 083 441 1789, Jannie Breedt by 082 456 8009, of Pieter van Wyk by 082 579 5104 vir meer besonderhede.

- **Gemeente Waterberg** hou 'n **Arabiese basaar** op **Vrydag 26 en Saterdag 27 Maart**. Almal is welkom om saam te kuier. Kosstalletjies, gebak en speletjies vir die kinders, skyfskiet, ensovoorts. Kamele om op te ry, 8 buikdansers wat Vrydagaand optree – dit gaan 'n basaar wees wat nie gou vergeet sal word nie! Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355 vir meer inligting.

- **Gemeente Vaalharts** hou op **Saterdag 1 Mei Kontreifees** op die sportgronde van Hoërskool Hartswater. Daar gaan fietswedrenne wees, rugby, uitstallings en vele meer. Kontak Riaan Esterhuizen by 053 474 0289 of 082 453 6889 vir meer inligting.

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad in Vanderbijlpark** het voor 1 April 2010 die volgende meubels nodig om 'n kantoor vir 'n nuwe maatskaplike werker toe te rus:

  - Lessenaar
  - Boekrak

- Lessenaarstoel
- Twee stoele vir kliënte
- 2 liasseerkabinette

Kontak Susan Warrington by 016 981 4099.

- Die **Nuwe Hart Stigting** wil ’n bydrae lewer om moraliteitsherstel in Suid-Afrika teweeg te bring. **Moraliteit** het te doen met die keuses wat mense elke dag maak. Vir ’n Christen is die Bybel die onbetwisbare Brondokument. Hierdie geleentheid word deur die Stigting in samewerking met die Kantoor vir Morele Leierskap aan die Universiteit van Stellenbosch aangebied. Die konferensie vind in **Krugersdorp** plaas van **21 tot 23 April**. Aanlynregistrasie by **www.nuwehart.com**, of skakel Drienie by 011 665 2017.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

Donderdag 11 Maart en Vrydag 12 Maart:	Kommissie van die AKV
Donderdag 18 Maart:	Die Ondersteuningsraad (Finkom)
Vrydag 19 Maart:	Dagbestuur van die ADV

KOMMENTAAR

“Mag ek ’n stuiwertjie in die armbeurs gooi? Ek het met gemengde gevoelens die berig van ds Thinus van Staden oor Neels Jackson se artikel gelees. Jackson bring ’n belangrike saak onder ons aandag, en hoewel ek volle begrip het vir ds Van Staden se standpunte, dink ek ons moenie die saak wat Jackson stel, tereg of nie, sonder meer afmaak nie. Nie dat ds Van Staden dit doen nie. Sy skitterende opmerkings oor Christus wat in die middelpunt van ALLES staan, beginnende by die Kerk en ons as lidmate, van wie af dit moet uitkring die wêreld in sodat die lig van Christus die hele wêreld sal verlig, is baie waar. Maar nou staan ons tog voor die werklikheid dat ou maniere en norme deur baie jongmense nie meer geag of gevolg word nie. Dit beteken dat ons in die Kerk hierdie waardes met groter krag en doelgerigtheid moet verkondig, omdat dit juis norme is wat uit die Bybel kom.

Mag almal, van ons af tot in die vertes van die uithoeke van die aarde, leer om uit dankbaarheid vir wat Christus vir ons gedoen het (en steeds doen), ook hierdie norme met blydskap te omhels en ons eie te maak, tot die eer van die Een wat dit vir ons kom leer het. Hy MAG by ons aandring om sy norme en waardes ons eie te maak, want Hy vra nie van ons wat Hy nie self bereid was om te doen nie! Mag ons Jesus Christus se wette van LIEFDE, bedagsaamheid en ’n uitreik na die wêreld uitleef tot ’n voorbeeld vir die wêreld, sodat almal op aarde tot geloof in Hom sal kom en sy genade sal leer ken.”

Ds Dirk Stoltz (emeritus)

“Die *e-Hervormer* behoort nie as ’n instrument gebruik te word om administratiewe byvoegings en regstellings in die *Almanak* aan te kondig nie. Die ellelange lyste van wysigings wat in die laaste tyd in die *e-Hervormer* aangekondig is (veral in die uitgawe van 4 Maart), gaan die sukses van die *e-Hervormer* as ’n nuusmedium in die Kerk kelder. Buitendien, die perhandwysiging van administratiewe inligting is tydrowend, onakkuraat en word selde werklik toegepas. Ek stel voor alle administratiewe inligting wat in die *Almanak* geplaas is, word in ’n skakel op die Kerk se webwerf opgeneem, en alle wysigings word eenmalig elektronies deur die Kerkkantoor daar aangebring. Gemeentes kan dus bloot deur middel van die amptelike webwerf enige korrekte inligting daar opspoor. Gemeentes wat nie van rekenaartegnologie gebruikmaak nie,

kan afsonderlik per brief verwittig word om korreksies in die *Almanak* per hand aan te bring.

Alles moet in werking gestel word om die *e-Hervormer* werklik nuuswaardig te hou."

Len Loader, Bellville

ADVERTENSIES

Selfsorg-gastehuis met slaapplek vir 4 mense in **Pringlebaai, Wes-Kaap** te huur. Lieflike uitsig oor Valsbaai en die berge. Rustige kleindorpie-atmosfeer. Beskikbaar heel jaar. Ten volle toegerus en met skoonmaakdiens. R500 per nag vir die huis. Skakel 083 309 0829.

******* Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by faksnommer 086 630 5153 of **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020-000-287; takkode 632-005; **verwysing: SENTIK Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

'n Korporatiewe identiteit vir die Hervormde Kerk

Tydens die vergadering van die Kommissie van die AKV op 11 Maart is die Kerk se nuwe korporatiewe beeld amptelik bekendgestel.

Die Kommissie het reeds aan die einde van 2009 'n dokument aanvaar wat as raamwerk vir ons kerklike kommunikasie dien. Daarin bevestig ons weer eens ons roeping om te getuig van God se liefde in Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer van die kerk. Ons kommunikasie – na binne en na buite – reflekteer die vrug van God se Gees in ons lewens, en daarom moet ons kommunikasie altyd spreek van ons geloof, ons hoop en ons liefde vir God en ander mense. Hierby sluit die Kerk se tema vir 2010, *Saam in diens*, baie nou aan.

Ons woorde en dade gaan egter hand aan hand met die beeld wat ons uitstraal. Die Kommissie van die AKV het daarom besluit dat die Kerk se roeping voortaan ook visueel gekommunikeer moet word. SENTIK se personeel onder leiding van dr Wian Kloppers het na uitgebreide konsultasie met 'n wye spektrum instansies in die Kerk met 'n reeks ontwerpe vorendag gekom. Die ontwerpe word saamgebind deur gemeenskaplike elemente, terwyl dit ook ruimte laat vir die eie aard van elke instansie.

Elemente van die nuwe visuele voorstelling van die Kerk se identiteit is reeds die afgelope tyd in die kerklike publikasies gebruik. Die kenmerkende kurwes (geboë lyne) in die ontwerpe suggereer die wêreld wat op vele maniere voor ons oop lê, en wat ons met die evangelie wil bereik. Die beeld van die voetewassing (vgl Johannes 13) dui op die Kerk se roeping om – soos die Here Jesus self – na hierdie wêreld uit te reik en onselfsugtig te dien. Die Kerkwapen dien steeds as die geboortemerk van ons Kerk om te wys waar ons vandaan kom.

Tydens ’n geleentheid in die Dirk van der Hoffgebou is skryfbehoeftes met die nuwe korporatiewe ontwerpe aan ’n verskeidenheid verteenwoordigers van kerklike rade en instansies oorhandig. Daar is ook ’n reeks aanwysingsborde met dieselfde grafiese temas op die terrein van die Sinodale Kerkkantoor aangebring om vir besoekers te wys waar watter kantore geleë is.

Gemeentes is welkom om hierdie korporatiewe ontwerpe ook deel te maak van hul eie werk en kommunikasie. So bevestig ons immers ons band met mekaar, en dra ons almal daartoe by dat ons die Kerk se roeping en visie aan die wêreld kommunikeer. SENTIK versoek egter dat gemeentes wat dit wil doen, met hulle sal kontak maak sodat daar nie mettertyd allerlei variasies ontstaan wat verwarring veroorsaak nie.

Dr Wouter van Wyk

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx